# Les 9 JESUS CHRISTUS HET VIR ONS GELY ONDER PONTIUS PILATUS: HY WORD AS SONDAAR DEUR GOD VEROORDEEL

## 1. Lyding is om binne seer te kry

Vir wie se pak slae is kinders gewoonlik die bangste, vir ma s'n of pa s'n? Meeste kinders is die bangste vir pa s'n. Hoekom? Dit kan nie wees dat pa's altyd die seerste slaan nie. Ma's is gewoonlik meer skadelik vir 'n mens se lyf as pa's. Pa slaan maar een of twee deeglike houe. Ma's waarsku en waarsku en kinders hou haar maar aan treiter en treiter, totdat sy ontplof. Dan slaan sy sommer met 'n waslap, 'n lepel of enige iets wat sy in die hande kry. Sy hou ook nie sommer op as sy eers aan die gang kom nie.

Nou hoekom is kinders banger vir pa's as ma's se pak slae? Dit is omdat pa's iets doen wat baie seerder maak as ma's. Hulle praat eers met jou voordat jy pak kry. Dit is vir hierdie praat wat kinders so bang is. Vir die houe sien hulle nog kans. Dit is 'n seer buite op jou lyf wat kan weggaan. Hulle kan nog by hulle boeties en sussies gaan spog oor die hale.

Maar wat Pa vir hulle gesê het, maak gewoonlik só seer dat 'n mens nooit daaroor kan praat nie, al kan jy oor die houe praat. Dit is 'n seer van binne wat bly. Die woorde waarvoor ons so bang is, is: "Hoe kan jy so maak as jy my kind is?" "Wat moet mense van my as ouer dink as jy so maak?" "Is dit hoe jy van my geleer het?" Hierdie woorde maak seer. Maar daar is iets wat 'n kind kan vernietig. Dit is die woorde van 'n pa in sy toorn. "Jy is nie meer my kind nie." "Ek ken jou nie." "Jy behoort nie aan my nie." "Jy is 'n misdadiger en krimineel, jy is nie my kind nie." Hierdie woorde van 'n pa in toorn oor 'n kind se stoutheid, breek die selfbeeld wat hy/sy oor hom-/haarself het. Daarom noem die Bybel hierdie seer van binne wat nie kan weggaan nie: lyding.

Hierdie praat voor die slaan is die lyding waarvan ons nou gaan leer. Dit is die tipe seer wat Jesus gekry het, voordat Hy gekruisig is. Voor Hy gekruisig is, wat amper soos die straf van 'n pakslae is, het Hy eers gely onder Pontius Pilatus. Dit was 'n seer van binne wat nie sommer kan weggaan nie. Dit is soos die seer van ons selfbeeld wat binne-in ons gebreek is.

## 2. Pontius Pilatus was 'n regter

Pontius Pilatus was die regeerder oor die Romeinse provinsie Judea. Jerusalem het onder sy toesig geval. In die Romeinse regering het die regeerder van 'n land ook die werk van die regter van 'n hooggeregshof gedoen. Dit is wat met Jesus gebeur wanneer Hy na Pontius Pilatus gebring word. Jesus het voor die hoofregter van die land verskyn in 'n amptelike hofsitting waarin Hy as krimineel aangekla is.

## 3. Wie is Jesus se regter?

*"6 Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, skreeu hulle: "Kruisig hom! Kruisig hom!" "Vat júlle hom en kruisig hom," sê Pilatus daarop vir hulle, "want ék vind*

*geen skuld in hom nie.”* [7] *Die Jode sê toe vir hom: “Ons het ’n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het.”* [8] *Toe Pilatus dit hoor, het hy nog banger geword.* [9] *Hy het weer in sy ampswoning ingegaan en vir Jesus gevra: “Waar kom jy vandaan?” Jesus het hom egter nie geantwoord nie.* [10] *Pilatus sê toe vir Hom: “Praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om jou los te laat en ook die mag om jou te kruisig nie?”* [11] *En Jesus antwoord hom: “U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u uitgelewer het, groter skuld.”* [12] *Hieroor het Pilatus geprobeer om Hom los te laat; maar die Jode het geskreeu: “As u hom loslaat, is u nie ’n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself as koning voordoen, is in verset teen die keiser.”* [13] *Toe Pilatus dit alles hoor, het hy vir Jesus buitentoe gebring en op die regbank gaan sit op die plek wat Klipterras genoem word, in Hebreeus Gabbata.* [14] *Dit was die voorbereiding vir die Paasfees, en dit was omtrent twaalfuur die middag. Hy sê toe vir die Jode: “Hier is julle koning!”* [15] *Maar hulle skreeu: “Vat hom weg! Vat hom weg! Kruisig hom!” Toe vra Pilatus vir hulle: “Moet ek julle koning kruisig?” Die priesterhoofde antwoord: “Ons het nie ’n koning nie; ons het net die keiser.”*[16] *Toe het hy Hom op hulle versoek oorgelewer om gekruisig te word, en hulle het Jesus weggeneem.”* Johannes 19: 6 – 16

Die vrae wat Pilatus aan Jesus stel, is nie sommer net uit belangstelling nie. Pilatus doen die werk van die staatsadvokaat. Hy is besig met die kruisverhoor van die aangeklaagde. Jesus antwoord Hom nie. Dit beteken Jesus probeer nie sy onskuld bewys nie. Daarom sê Pilatus vir Jesus:

*"Praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om jou los te laat en ook die mag het om jou te kruisig nie?"* (Joh.19:10)

Wat Pilatus sê, is waar. Hy is die advokaat en die regter. Hy kan Jesus onskuldig bevind en loslaat. Hy kan Jesus skuldig bevind en oorlewer om gestraf te word. Deur stil te bly, is Jesus besig om Homself uit te lewer aan die klagtes teen Hom. Jesus se antwoord wys vir ons wie is sy regter:

*"U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan U gegee was nie. Daarom het hy wat My aan U uitgelewer het, groter skuld."* (Joh.19:11)

Wie het aan Pilatus die gesag gegee om Jesus te verhoor en te veroordeel? "van Bo" verwys na God. God self gebruik Pilatus om Jesus te veroordeel. Daarom is dit God wat Jesus laat aankla en veroordeel.

### 4. <u>Pilatus kan Jesus nie vrylaat nie</u>

Pilatus sê vir Jesus dat as hy wil, kan hy Jesus vrylaat. Dit is toe nie waar nie. God is besig om Jesus te laat aankla en te laat veroordeel as 'n sondaar. Pilatus is net die Here se instrument, net soos met die Farao van Egipte toe die Here sy volk uit Egipte laat trek het.

Pilatus het, as 'n regter, gou-gou bevind dat Jesus nie 'n wet oortree het wat Hom aan die dood skuldig maak nie:

*"Ek vind geen skuld in Hom nie. 39 Maar julle is gewoond dat ek vir julle gedurende die Paasfees iemand loslaat. Wil julle hê ek moet die koning van die Jode vir julle loslaat?" 40 Hulle skreeu toe terug: "Nie vir hom nie, maar vir Barabbas" En Barrabas was 'n rower."* (Joh.19)

Pilatus het Jesus laat gesel. Dit is om met 'n sambok te slaan. Dit het hy nie gedoen omdat Jesus skuldig was nie. Dit was onwettig. Hy het dit gedoen omdat hy gedink het die Jode sal tevrede wees as hulle sien Jesus was gegesel. Pilatus sê weer dat Jesus onskuldig is op enige klag wat die dood verdien.

Pilatus kon Jesus nie vrylaat nie, al wou hy:

*"12 Hieroor het Pilatus geprobeer om Hom los te laat; maar die Jode het geskreeu: As u hom loslaat, is u nie 'n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself as koning voordoen, is in verset teen die keiser."*

Omdat God self besig was om Pilatus te gebruik om Jesus te veroordeel, al is Hy onskuldig, kon Pilatus nie keer nie. Hy veroordeel Jesus teen sy sin en beterwete.

Die persoon wat hier teen Jesus optree is God, nie Pilatus of selfs eens die skare nie. God gebruik hulle om sy oordeel as God, oor Jesus te fel.

**5. <u>Hoe laat God Jesus ly?</u>**

Alles wat met Jesus gebeur voor Pontius Pilatus, is die manier waarop God self vir Jesus as sy eie Seun laat ly.

**a.** Hierdie lyding beteken dat God Jesus as 'n sondaar en ’n misdadiger laat arresteer. (Joh.18:1-11)

**b.** God laat Jesus aankla as 'n sondaar voor die priesterhoofde (Joh. 18:12-24) en as 'n misdadiger voor Pontius Pilatus. (Joh.19:29)

**c.** Jesus word deur God as sondaar en misdadiger kruisverhoor. (Joh.18:28 -19:15

**d.** Jesus word onskuldig bevind (Joh.18:38)

**e.** Nadat Jesus onskuldig bevind is, word hy deur God self veroordeel om as sondaar en misdadiger te sterf. (Joh.19:16)

Hierdie is die wyse waarop God sy eie Seun laat ly. Hy kla Hom aan, beskuldig en veroordeel Hom as sondaar en misdadiger. Hy behandel Hom nie meer as sy Seun nie. Deur Jesus so te behandel, sê sy Vader eintlik vir Hom: "Ek ken jou nie meer nie." "Jy behoort nie meer aan My nie." "Ek wil nie meer jou gehoorsaamheid en liefde hê nie." "Ek wil jou nie meer vir iets gebruik nie."

## 6. Die seer van die lyding is die toorn van God

Die lyding van Jesus word veroorsaak deur die toorn van die Here. Kom ons kyk hoe die Bybel hierdie toorn van die Here beskryf!

Ps. 90:7-11: *"Ons vergaan onder U toorn, ons gaan te gronde onder u gramskap. 8 U sien ons oortredinge raak, U bring die sondes wat ons wou wegsteek aan die lig. 9 Onder U toorn vlieg ons dae en skiet ons jare verby soos 'n gedagte. ... 11 Wie ken die krag van U toorn beter as u dienaars? Wie ken u gramskap beter?"*

Ps. 7:7en 8: *" Kom tog, Here, in u toorn, tree op teen die verwoede aanslag van my teenstanders. Kom my te hulp, U wat bepaal het dat reg sal geskied. 8 Laat al die volke rondom U kom staan; neem hoog bo hulle U plek in op U regterstoel."*

Eseg. 5:14 en 15: *"Ek maak jou 'n puinhoop, Jerusalem, Ek maak jou die spot van die nasies rondom jou. Almal wat by jou verbygaan, sal dit sien. 15 Die nasies rondom jou sal die spot met jou dryf en jou uitlag, jy sal dien as 'n waarskuwing en 'n afskrikmiddel vir hulle wanneer Ek jou in my toorn en in my woede straf en jou vir jou dade laat boet. Ek, die Here, sê dit."*

Wat doen die Here as Hy toornig is? Ps. 90:8 wys ons dat die Here se toorn maak dat al die sondes wat ons vir onsself en ander mense wou wegsteek, die Here aan almal bekendmaak. Die wyse waarop God dit bekendmaak, is om ons daarvoor aan te kla as regter. Hy hou dit nie meer as Vader as iets wat net tussen Hom en sy kinders bekend is nie.

Wat doen die toorn van die Here aan 'n mens? Presies net wat Hy met Jerusalem gemaak het: die Here maak ons binne-in 'n puinhoop. Hoekom? Sodat daar nooit weer godsdiens uit Jerusalem kan voortkom nie. Die Here vernietig die binnekant van sondaars, daar waaruit al hulle diens en liefde aan God moet voortkom. Hy vernietig hulle as sy beeld.

Wanneer God vir 'n mens sê – "Ek ken jou nie meer nie." "Jy behoort nie meer aan My nie." "Ek wil nie meer jou gehoorsaamheid en liefde hê nie." "Ek wil jou nie meer vir iets gebruik nie." – is so 'n mens verskeur en verbrysel. So mens sal nooit weer die wil, die lus of die moed hê om vir God te probeer liefhê of dien nie. So mens wil homself net oorgee aan sy eie sonde en begeertes.

So maak God 'n einde aan 'n sondaar as 'n mens wat God kan dien en eer. Hy vernietig die menswees in sy binnekant, sodat hierdie mens nooit weer vir God kan dien of liefhê nie. Wanneer God jou nie meer as sy kind behandel nie, maar as 'n sondaar; wanneer God jou nie meer wil hê nie; wanneer God jou nie meer wil ken as sy kind nie; wanneer God vir jou sê Hy wil jou nie meer gebruik nie – dan het Hy jou innerlik gebreek.

As God jou innerlik gebreek het, kan jy daarna nog net beelde en afgode aanbid en liefhê. Jy kan nooit weer die Here liefhê en dien nie. Die beeld van die Here is dan binne-in ons vernietig. Sy toorn het dit vernietig.

Kyk hoe beskryf Paulus dit in Romeine 1:18:

*"God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk." Hoe tref God se toorn hulle? "24 Daarom gee God hulle aan die drange van hulle harte oor en aan sedelike onreinheid, ... "*

Dit is wat met Jesus innerlik gebeur het toe God Hom voor Pontius Pilatus aangekla en veroordeel het. Jesus is innerlik verskeur en verbrysel deur sy Vader se toorn. Sy Vader het Hom in die openbaar as sondaar aangekla, beskuldig en veroordeel.

Daardeur het die Vader sy Seun in die posisie geplaas van mense wat Hom nie as Vader kan eer en dien nie.

## 7. <u>Waarvoor laat God Jesus so laat ly?</u>

*"64 Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel." 65 Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: "Hy het God gelaster. Waarvoor het ons nog getuies nodig? Daar het julle nou net die godslasterlike woorde gehoor. 66 Wat dink julle?" Hulle het geantwoord: "Hy verdien die dood!"* (Matteus 26:64 -67)

Jesus word deur God aangekla, verhoor en veroordeel vir godslastering. Godslastering is die samevatting van alle sonde. Dit is om God te haat, te minag, te spot en te hoon. Dit is waarvoor Jesus moes ly.

Was dit hoe Jesus teenoor God geleef het? Ons het gesien Jesus het heilig geleef. Hy het God met sy hele hart, siel en verstand liefgehad en gedien volgens die Tien Gebooie. Dit is presies die teenoorgestelde van godslastering.

Jesus het gely vir godslastering, maar nie vir sy eie godslastering nie.

Lees 1 Petrus 2:2-24:

*"Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie. 23 Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel. 24 Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God…"*

Lees 1 Pet. 3:18:

*"Ook Christus het eenmaal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is."*

God laat Jesus nie vir sy eie sonde so ly nie. Hy laat Hom vir goddeloses se sonde ly. Jesus is onskuldig. As Hy van godslastering aangekla, verhoor en veroordeel word, is dit nie sy eie godslastering nie, maar vir die godslastering van sondaars.

## 8. Jesus dra ons lyding deur stil te bly

Die klagte waarvan Jesus beskuldig is, is godslastering. Kon Jesus sy onskuld bewys het? Wat het Hy gesê wat gemaak het dat Hy op die klag van godslastering skuldig bevind is? Jesus het die volgende verklaring voor die Sanhedrin afgelê:

*"63 ... Die hoëpriester sê toe vir Hom: "Ek stel jou onder 'n eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun van God?" 64 Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel."* (Matt. 26)

Hierdie verklaring was die rede vir Jesus se doodsvonnis deur die priesters:

*"65 Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: "Waarvoor het ons nog getuies nodig? Daar het julle nou net die godslasterlike woorde gehoor."*

As Jesus vir hulle gesê het Hy is die Christus, die Seun van die lewende God, sou hulle Jesus nie aan godslastering skuldig bevind het nie. God het aan Dawid beloof dat een van sy seuns die Christus sal wees en dat hy ook God se seun sal wees.

Lees 2 Sam. 7:12 – 14:

*"12 Wanneer jy te sterwe kom en by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. 13 Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. 14 Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees..."*

Dit is hierdie tweede deel van Jesus se verklaring wat die doodsvonnis veroorsaak. In die tweede deel verklaar Jesus dat Hy self gelyk is aan God. Hy is self die Skepper. 'n Mens wat homself so voordoen, is godslasterlik! Daarom kon Jesus skuldig bevind word. Wat sal julle doen as julle voor 'n mens staan en hy sê vir julle Hy is die Skepper? Ons sou waarskynlik dieselfde gedoen en gesê het as die Joodse Sanhedrin.

Kon Jesus aan hulle bewys het dat Hy die Skepper is? Ja, Hy kon. Dink maar aan al die wonderwerke wat Jesus gedoen het: Hy het water in wyn verander, Hy het brood en vissies vermeerder, op water geloop, siekes gesond gemaak en dooies opgewek. Een so 'n wonderwerk sou seker die hele Sanhedrin op hulle knieë gehad het.

Wat doen Jesus? Hy bly stil en Hy doen niks nie.

Hoekom?

Want Hy weet dat sy lyding 'n saak tussen Hom en sy Vader is. Dit is nie 'n saak tussen Hom en die Sanhedrin of Pontius Pilatus nie. Dit is die Vader wat sy eie Seun nou aankla, verhoor, beskuldig en veroordeel as 'n godslasterlike mens.

Deur stil te bly, neem Jesus al die toorn van sy Vader oor die godslastering van sondaars, op Homself. Hy dra die ewige toorn van God, wat sondes openbaar maak en mense innerlike verbrysel om nooit weer God te kan ken en liefhê nie. Jesus neem dit op Hom dat die beeld van God in Hom deur die Vader stukkend gebreek word.

**9. <u>Dit is Jesus se werk om te ly vir sondaars</u>**

Jesus werk. Ons kry die voordele van sy werk. Jesus se geboorte uit Maria is die werk wat Hy gedoen het. Daardeur het ons die voordeel dat Hy ons was, stryk en heelmaak. Ons is heilig, sonder smet en onberispelik voor God. Jesus se innerlike seerkry deur God wat Hom deur Pontius Pilatus veroordeel, is nog 'n werk wat Hy vir ons doen. Nie een van ons sal ooit onder Pontius Pilatus ly nie. Dit is iets wat met Jesus alleen gebeur het. Hy werk. Ons kry die voordele. Hy ly alleen onder Pontius Pilatus. Ons kry die voordele van sy lyding, sonder dat ons self ooit hoef te ly.

Volgende keer kyk ons na watter voordele Jesus vir ons bewerk het deur vir ons onder Pontius Pilatus te ly.